DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE

(Association incorporated under Section 21)
Registration number: 2002/031756/08

Registered with the Department of Education as a private education institution under the Higher Education Act, 1997
Registration Certficate No. 99HS01

PROSPEKTUS

FAKULTEIT TEOLOGIE

Pretoria
2006

VOORWOORD

In 1988 is daar begin met die opleiding van predikante vir die Afrikaanse Protestantse Kerk, toe die eerste student ná voltooiing van 'n BA-graad, aan die Teologiese Skool vir 'n kwalifikasie in die Teologie (op die vlak van 'n B.Th. of 'n BD) ingeskryf het. Dit kan beskou word as die nederige maar trotse geboortejaar van 'n Christelike Gereformeerde Afrikaanse universiteit.

Intussen is die Teologiese Skool by die Onderwysdepartement voorwaardelik geregistreer as 'n Private Tersiêre Inrigting (*Die Afrikaanse Protestantse Akademie*) met die bevoegdheid om nie alleen die B.Th.-graad nie, maar ook BA te doseer en grade daarin toe te ken.

In 2004 ontvang ons 'n Registrasiesertifikaat en 'n –nommer, soos op die titelblad hiervan aangedui. Daaruit blyk die verhoring van vele gebede.

Die Onderwysdepartement skryf voor dat ons onsself net mag bekendstel as *Die Afrikaanse Protestantse Akademie (Association incorporated under Section 21)*.

In 'n tyd waar die Skrifgesag opnuut aangetas word, Bybelse beginsels gerelativeer word, die Skrif in die naam van "reformasie" afgekraak word, godsdiensvryheid met godsdiensgelykheid vereenselwig word – in só 'n tyd het ons 'n ontsaglike roeping om in die beoefening van die Teologie te bly stel: "So sê die Here".

Met die seën van die Here, wat deure open wanneer alles geslote lyk, kan uit hierdie instelling 'n nuwe universiteit ontwikkel wat Gereformeerde wetenskaplikes op alle lewensterreine lewer. Dit is waarvoor ons bid. Suid-Afrika het sodanige manne en vroue dringend nodig.

Prof. dr. R Marè
In opdrag van die Fakulteitsraad en Senaat
Junie 2004

FAKULTEIT TEOLOGIE

1. Bevoegdheid om grade toe te ken

Hierdie Akademie is tans by die Onderwysdepartement as Private Tersiêre Inrigting geregistreer met die volmag om die volgende kwalifikasies toe te ken:

Baccalaureus Artium (BA); en
Baccalaureus Theologiae (B.Th.).

Volledige besonderhede oor die BA-studie word in 'n aparte prospektus voorsien. In hierdie prospektus word alleen gehandel oor die graad in Teologie: B.Th.

2. Toelatingsvereistes

2.1 'n Student wat 'n BA-graad aan 'n staatserkende universiteit of ander staatserkende tersiêre inrigting verwerf het**,** waarin Grieks 1 en 2 en Hebreeus 1 en 2 ingesluit was, het volle toegang tot die B.Th.-studie.

2.2 'n Student wat oor enige Baccalaureus-graad (sonder gemelde verpligte vakke) beskik, hoef daarby net Grieks 1 en 2 asook Hebreeus 1 en 2 aan 'n staatserkende tersiêre inrigting te verwerf om toegang tot die B.Th.-studie te verkry.

2.3 Voorwaardelike toelating kan verleen word indien die student reeds 33 jaar oud is en oor 'n BA-graad met minstens Grieks 1 asook Hebreeus 1 beskik. Gedurende sy eerste jaar van sy B.Th.-studie moet hy dan Grieks 2 en Hebreeus 2 slaag. Hy word nie tot die tweede jaar B.Th. toegelaat alvorens hy aan hierdie vereiste voldoen het nie.

2.4 Alle studente wat nie Duits tot in Matriek geslaag het nie, moet Duits Spes laatstens tydens die eerste jaar van die B.Th.-studie verwerf.

3. Onderrigmedium

Die onderrig geskied in Afrikaans.

4. Duur van die studie

Die B.Th.-studie kan deur middel van drie jaar voltydse studie voltooi word.

5. Studielenings

Studente wat lidmate in Afrikaanse Protestantse plaaslike kerke is, kan by die Willie Lubbe Teologiese Studiefonds aansoek om 'n lening doen. Die voorwaardes en bepalings is in 'n reglement wat by die Kuratorium beskikbaar is, vervat.

6. Samestelling van die kursus

6.1 In B.Th. 1

6.1.1 Verpligte vakke

Algemene Kerkgeskiedenis 4, Christelike Etiek 4, Dogmageskiedenis 4, Dogmatiek 4, Evangelistiek 4 (eerste semester), Homiletiek 4, Kategetiek 4, Kerkreg 4, Kybernetiek 4, Liturgiek 4, NT Eksegese 4, NT Hermeneutiek 4 (eerste semester), NT Inleiding 4 (eerste semester), NT Teologie 4 (tweede semester), NT Kanongeskiedenis 4 (tweede semester), OT Eksegese 4, OT Hermeneutiek 4 (eerste semester), OT Teologie 4 (eerste semester), OT Teologie 4 (tweede semester), OT Kanongeskiedenis 4 (tweede semester), Poimeniek 4, Sendinggeskiedenis 4, Sendingteorie 4, Simboliek 4, Vaderlandse Kerkgeskiedenis 4.

6.1.2 Keusevakke

Pastorale Psigologie 4.

6.2 In B.Th. 2

6.2.1 Verpligte vakke

Algemene Kerkgeskiedenis 5, Christelike Etiek 5, Dogmageskiedenis 5, Dogmatiek 5, Ensiklopedie 5 (eerste semester), Fenomenologie 5 (eerste semester), Godsdiensgeskiedenis 5, Homiletiek 5, Kategetiek 5, Kerkreg 5, Kybernetiek 5, NT Eksegese 5, NT Inleiding 5 (eerste semester), NT Teologie 5 (tweede semester), NT Tekskritiek 5 (eerste semester), OT Eksegese 5, OT Teologie 5 (eerste semester), OT Inleiding 5 (tweede semester), Pastorale Psigologie 5, Poimeniek 5, Sektekunde 5, Sendinggeskiedenis 5, Sendingmetodiek 5, Simboliek 5, Vaderlandse Kerkgekiedenis 5.

6.2.2 Keusevakke

Ensiklopedie (onderrig sonder eksamen).

6.3 In B.Th. 3

6.3.1 Verpligte vakke

Algemene Kerkgeskiedenis 6, Apologetiek 6, Christelike Etiek 6, Diakoniek 6 (eerste semester), Dogmageskiedenis 6, Dogmatiek 6, Ekumenika 6 (tweede semester), Elenktiek 6 (eerste semester), Godsdiensgeskiedenis 6 (eerste semester), Homiletiek 6, Kerkadministrasie en Finansies 6 (tweede semester), Kerkreg 6, Kybernetiek 6, NT Eksegese 6, NT Inleiding 6 (eerste semester), NT Teologie 6 (tweede semester), OT Eksegese 6, OT Inleiding (tweede semester), OT Teologie 6 (eerste semester), Pastorale Psigologie 6, Poimeniek 6, Vaderlandse Kerkgeskiedenis 6.

6.3.2 Keusevakke

Ekumenika (onderrig sonder eksamen).

6.3.3 Skripsie

Deel van die studie van die derde jaar in die Teologie, is dat die student nie later as 31 Augustus 'n skripsie indien. Die reëls in die verband is vervat in Bylae B.

6.3.4 Praktiese verpligtinge

'n Derdejaar student moet alle praktiese verpligtinge afhandel vóór die finale eksamen.

6.3.5 Vakke in die Departemente

6.3.5.1 Ou Tetstament

Teologie
Tekskritiek
Hermeneutiek
Eksegese
Kanoniek
Inleiding
Argeologie

6.3.5.2 Nuwe Testament

Teologie
Tekskritiek
Hermeneutiek
Eksegese
Kanoniek
Inleiding
Argeologie

6.3.5.3 Dogmatologie

Dogmatiek
Christelike Etiek
Dogmageskiedenis
Simboliek
Apologetiek
Polemiek
(Godsdiensgeskiedenis)
(Fenomenologie)

6.3.5.4 Ekklesiologie

Kerkreg
Vaderlandse Kerkgeskiedenis
Algemene Kerkgeskiedenis
Kybernetiek

6.3.5.5 Missiologie

Sendingeskiedenis
Sendingmetodiek
Sendingteorie
Elenktiek
Godsdiensgeskiedenis
Fenomenologie

6.3.5.6 Diakoniologie

Diakoniek
Homiletiek
Kategetiek
Liturgiek
Poimeniek
Pastorale Psigologie
Evangelistiek

7. Fasiliteite

Die FAH van Staden Biblioteek is tot die beskikking van alle ingeskrewe studente.

Studente mag teen die heersende tariewe fotokopieë by Die Afrikaanse Protestantse Akademie laat maak, of self maak (met toestemming van die personeellid in beheer van die kopieërfasiliteite).

Studente het teen volle betaling, bo en behalwe hulle jaarlikse studiegeld, toegang tot die rekenaarstelsel van die Akademie. Verdere voorwaardes hieraan verbonde is in Bylae A vervat.

8. Bedrae betaalbaar

Die volgende gelde (wat jaarliks aangepas kan word) is betaalbaar:

Registrasiefooi	R 200 per jaar
B.Th.	R5 000 per jaar
Hereksamengeld	R 200 per vraestel.

Die koste per student beloop vir die Akademie meer as bogemelde bedrae, maar die Afrikaanse Protestantse Kerk subsidieer studente wat lidmate van plaaslike kerke is, met die balans. Sou 'n persoon wat nie 'n lidmaat van 'n AP Kerk is nie, as student inskryf, bepaal die Senaat die bedrag wat hy/sy as Klasgeld moet betaal. Dié bedrag kan van jaar tot jaar wissel.

Indien 'n student voor 31 Julie skriftelik kennis gee dat hy sy studie staak, sal hy vrygestel word van betaling van die helfte van die Klasgeld (nie van die ander gelde betaalbaar nie), met ander woorde ten opsigte van die tweede semester. Indien hy ná 31 Julie sy studie staak, bly hy verantwoordelik vir die betaling van die Klasgeld vir die hele jaar.

Alle gelde wat betaalbaar is, word deur die student by die Sentrale Kerkkantoor inbetaal.

Waar 'n student 'n studielening van die Kuratorium ontvang, word sy toekennings direk en ten volle op sy studierekening inbetaal, en nie aan homself nie, tensy daar 'n krediet tot sy beskikking is. Indien die toekenning van die Kuratorium minder is as die bedrag wat betaalbaar is, is die student verantwoordelik daarvoor om die ontbrekende bedrag betyds in te betaal.

Solank 'n student vakke loop wat vir die voltooiing van sy kwalifikasie nodig is, betaal hy die volle jaarlikse studiegeld ongeag die aantal vakke wat hy loop. Indien hy vakke vir nie-kwalifikasiedoeleindes loop, betaal hy jaarliks die bedrag wat deur die Senaat vasgestel word.

Die laaste datum vir Registrasie is 14 Februarie.

9. Korrespondensiekursus

Hierdie studie kan met goedkeuring van die Fakulteitsraad moontlik ook by wyse van volledige of gedeeltelike afstandsonderrig aangebied word.

10. Erkenning van vakke

Die Fakulteitsraad vir Teologie beslis oor die erkenning van vakke wat aan ander tersiêre inrigtings geslaag is.

11. Klasbywoning en eksaminering

11.1 Geen student word tot 'n eksamen in 'n vak toegelaat nie tensy

11.1.1 sy studiegeld op datum betaal is; en

11.1.2 hy die lesings bevredigend bygewoon het.

11.2 'n Student wat 'n module van 'n vak herhaal, is nie verplig om weer die klasse by te woon nie – hy bly egter self verantwoordelik om homself op hoogte te stel van die volgende toets- en eksamendatums in elke betrokke vak. So 'n student mag weer toets(e) aflê ten einde 'n beter halfjaarpunt op te bou.

11. 3 In elke vak word die werk van 'n jaar in twee modules verdeel. 'n Student moet eers die eerste module slaag alvorens hy die tweede module mag volg. 'n Student doen nie weer eksamen oor 'n module wat hy klaar geslaag het nie.

11.4 Toetse en/of werksopdragte word gedoen soos elke dosent vir sy vak bepaal, ten einde 'n semesterpunt vir elke student te verkry.

11.5 Skriftelike en/of mondelinge eksamen word in elke vak rondom Junie en November afgeneem.

11.6 Die slaagsyfer in alle vakke is 50%.

11.7 Om vir 'n hereksamen te kwalifiseer, moet die gemiddelde punt van die semester en semestereksamen minstens 45% wees met dien verstande dat ‘n minimum van 40% in die eksamen behaal is.

11.8 Hereksamen word rondom die tweede helfte van Julie en die tweede helfte van Januarie afgeneem.

11.9 In elke vak moet daar ook 'n eksterne eksaminator wees wat slegs globale kontrole hoef te doen.

12. Bevordering tot volgende studiejaar

'n B.Th.-student moet in 'n studiejaar minstens 75% van sy vakke geslaag het om tot die volgende studiejaar toegelaat te word. Hy word nie toegelaat om kursus 1 en kursus 2 van dieselfde vak in dieselfde jaar te loop nie – bv. Dogamtiek 4 en 5 tegelyk, of Dogmatiek 5 en 6 tegelyk.

Indien 'n student se skripsie as uitsonderlike geval met toestemming nie tydens die legitimasieplegtigheid reeds voltooi en deur die dosent en eksterne eksaminator beoordeel en suksesvol bevind is nie, word hy nie beroepbaar gestel nie, maar kry hy geleentheid om die werk betyds te voltooi ten einde gedurende die gradeplegtigheid in Jan/Feb van die eersvolgende jaar beroepbaar gestel te kan word.

13. Hulpverlening

By die Akademie is daar 'n Studentedekaan wat spesiaal tot beskikking van elke student is ten opsigte van persoonlike probleme en van probleme in verband met sy studie. Al die ander dosente is ook tot die beskikking van studente.